

23 April

Skrifgedeelte: Markus 11:27-12:34 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 12:28-34

Verset teen Jesus beteken: geen toegang tot die koninkryk nie!

Die aanslag op die Eienaar van die wingerd se Seun (Jesus) neem steeds toe. Dis net 'n kort tydjie voordat die landbouers (die volk se godsdiensteleiers) hulle hande sou uitsteek om Hom dood te maak. Uit alle hoeke sak hulle op Hom toe: Die owerpriesters, Fariseërs en ouderlinge vra: Wat is die aard van U gesag? Die Herodiane wil weet: Erken U wel die keiser se gesag? Die Sadduseërs toets Hom met die kwessie: Heers God oor die dood?

En dan oplaas hierdie skrifgeleerde wat uit die Woord self wil redeneer: Wat is die belangrikste gebod? In die lig van die skare se Hosannas en Jesus se optrede as Heerser oor die tempeldiens, verwag die Skrifgeleerdes 'n aanvegbare antwoord. Wanneer Jesus antwoord, maak Hy egter duidelik dat dié wat hulle naaste (God se Seun!) so haat en met slinkse strikvrage probeer uitvang en oorlewer, nie voldoen aan die eerste gebod nie. Daarby eindig die lis van die Skrifgeleerde ook nie. As die Skrifgeleerde reageer, lê hy die klem nie op naasteliefde (waaraan hulle skuldig was) nie, maar op 'n liefde wat meer is as offers. Hy het inderdaad naby gekom aan die koninkryk, en tog is hy so ver daarvan verwyder. Wat nodig was, was immers geloof in Jesus wat daad word, en dit het by hom en sy leiers ontbreek.

Die kenmerk van deelhebbers aan die koninkryk is juis liefde wat daad word. Liefde tot God bo alles en daaruit voortvloeiend, liefde vir jou naaste.

Sing: Skrifberyming 33:1

Ds BC Smit (Brits-Wes)